

# INSPEKSIES VIR REISIGERS

Doeane-beamptes is in die verloop van hulle pligte vereis is om bagasie, persele, voertuie of skepe te deursoek. Dit is ingevolge artikel 15 wat bepaal dat enige persoon wat Suid-Afrika binnekom of verlaat sal, op wyse soos deur die kommissaris bepaal, sonder voorbehoud, alle goedere verklaar (insluitend goedere van 'n ander persoon) wat by hom/haar is of in sy/haar se besit is (insluitend vergeselde of onvergeselde bagasie) wat:

- Aangekoop of andersins oorsee of op 'n skip, voertuig of enige winkel bekom is, wat goedere verkoop waarop belasting nie betaal is nie;
- Oorsee gehermodelleer, geprosesseer of herstel is;
- Verbode, beperk of beheer word ingevolge enige wet; of
- Vereis is om verklaar te word voordat Suid-Afrika verlaat word soos hieronder beskou.

Voordat jy die land verlaat, alle goedere wat jy beplan om saam met jou te neem oor die grense van Suid-Afrika, insluitend goedere wat:

- Namens ander persone gedra word;
- Bedoel is hermodellering, prosessering of herstel oorsee;
- Verbode, beperk of beheer word ingevolge enige wet; of
- Goedere wat 'n persoon, wat Suid-Afrika tydelik binnegekom het, vereis was om te verklaar met binnekom in Suid-Afrika.

As 'n reisiger, moet jy alle vrae, wat aan jou gestel word deur 'n doeane-beampte, ten volle en eerlik beantwoord en, indien vereis deur sodanige beampte, sodanige goedere toon en oopmaak vir inspeksie. Jy moet die heffing aan die beheerder/takbestuurder betaal soos aangeslaan deur die doeane-beampte, indien enige.

'n Doeane-beampte mag enige vergeselde of onvergeselde bagasie stop, terughou en deursoek terwyl dit onder doeanebeheer is, om te bepaal of die bepalings van die Wet op Doeane en Aksyns of enige ander wet nagekom is, ten opsigte van sodanige bagasie.

Die doeane-beampte kan ter enige tyd enige slot op jou bagasie breek indien die sleutels daarvan nie oorhandig word nie. Geen persoon sal geregtig wees tot enige vergoeding vir enige verlies of skade wat spruit uit enige *bona fide* aksie deur 'n doeane-beampte nie. 'n Doeane-beampte mag onvergeselde bagasie deursoek in die afwesigheid van die vervoer-verteenwoordiger of hy/sy agent indien alle redelike pogings om die vervoer-verteenwoordiger of hy/sy agent op te spoor onsuksesvol is.

## Boetes

Kliënte moet die bepalings van die wet nakom, ten opsigte van inspeksie, en indien hul versuim om dit na te kom, sal hul aan 'n oortreding skuldig wees. Oortredings kan tot gevolg hê:

- Geldelike boetes;
- Kriminele vervolging; en/of
- Opskorting/kansellasië van registrasie/lisensie/akkreditasie.

Vir meer inligting oor inspeksie vir reisigers, verwys asseblief na die [Traveller Processing](#).